SALMO KUNSAASHENGELVERENIGING

AGM 2014

Voorsitters Verslag van 2013

Die 2013 hengelseisoen het gekom en gegaan met die 2014 seisoen wat om die draai lê.Ons het weereens goeie hengel beleef en heelwat van ons verder damme gehengel. Daar is selfs nuwe SA rekords opgestel. Dit lyk asof die hengel toestande aan die verbeter is maar ongelukkig is daar ander faktore soos kief nette wat ons visbronne bedreig. Dankie aan die lede wat betrokke geraak het in die verband.

SALMO lede het die klub weer op verskeie vlakke verteenwoordig en ons naam hoog gehou. Weereens het SALMO se lede bewys dat SALMO ongetwyfeld die beste kunsaashengel klub in die land is en mens hoef maar net te gekyk het na die deelname, belangstelling resultate van die afgelope jaar se Kunsaas Hengel Kampionskappe te Loskopdam om te besef hoevcel grooter ons as die ander provinsies is. Tog, so goed as wat dit klink is dit 'n bekommernis dat die ander provinsies nie groei nie en selfs nie meer aktief is nie. Die grootste deel van die NORGALAS span wat aan vanjaar se SA Kampionskappe deel geneem het is van SALMO afkomstig en dit wys maar net weereens die diepte en klas van hengelaar wat vir SALMO hengel.

SALMO se ledetal het ietwat afgeneem die afgelope jaar en daar is verskeie redes daarvoor waaraan daar gewerk sal moet word. Die feit dat die ligas en SALMO klub kompetisies saam geval het het gemaak dat die klub sy doel begin verloor het deurdat die gewone klub kompetisies het agterweë gebly. Alhoewel daar baie goeie redes was om die klub kompetisies en ligas saam te hou het dit ander problem veroorsaak bv daar word nie meer gereeld klub vergaarderings gehou nie, daar word nie meer op klub vlak kompetered gehengel nie, nuwe lede kry nie die kans om by ouer lede te kan leer van die sport nie want almal hengel nou vir plek in die NORGALAS span. Die enigste rede om aan die klub te behoort was om geaffilieer te wees by Gauteng Noord. Dit is nie die enigste doel van 'n klub nie. Ons klub lede moet die kans gegun word om op sosiale vlak te kan deelneem aan klub kompetisies en saam te kan hengel en sodoende meer te leer en ondervinding op te tel. Dit beteken dat ons ook meer kan fokus op nuwe lede wat leiding en aandag nodig het.

Ons nuwe lede kort steeds aandag maar as gevolg van 'n druk hengel kalender wat nie veel ruimte gelaat het vir sosiale hengel of klub kompetisies nie het die aspek weereens agterweë gebly. Ander faktore soos stygende lewens koste en beperkte vrye tyd het ook hietoe bygedra. Ek hoop da tons dit in die komende hengelseisoen sal kan aanspreek.

Daar sal waarskynlik in die komende jaar weer geleenthede soos die kunsaas hengel seminare aanbied word en ek wil graag lede aanmoedig om sulke geleenthede by te woon en te ondersteun.

Kunsaashengel bewustheid is steeds aan die toeneem onder die algemene hengel publiek. Weeneens wil ek lede soos Bernard en Rudolph bedank vir hulle bydrae in hengel tydskrifte en op sosiale media. Dit is die manier om voorentoe te gaan wat betref die uitdra en bekendstelling van ons sport.

Die volgende stap is om nuwe lede te wys hoe dit gedoen moet word. Nuwe lede kom met groot verwagtinge by SALMO aan en ons moet die lede kan akkomodeer en daardie verwagtinge vervul. Dankie aan die lede wat die afgelope jaar by verskillende aksies betrokke was ten bate van die sport en ek wil dan ook sommer vra dat ons ouer (ervare) lede ook meer betrokke sal raak hierby. Ons sal moet kyk of ons sulke geleenthede kan skep in die komende hengel kalender.Die afgelope seisoen het ons 2 geleenthede spesifiek vir hierdie doel geskep.

Op provinsiale vlak het SALMO ook goed presteer. Soos vroeër genoem was daar 'n baie groot afvaardiging vanuit SALMO geledere na die Suid Afrikaanse Kunsaas Hengel Kampioenskappe om Gauteng Noord daar te gaan verteenwoordig. Classics het ook 'n paar mense daar gehad, insluitend heelwat juniors wat baie bemoedigend was. Die Gauteng Noord span het weereens baie goed gedoen deur met die louere weg te stap. Wilhelm Bekker het individueel as wenner uit die stryd getree deur beide proewe dae 11 spesies te vang! Dit wil gedoen wees! Weereens 'n bewys van die klas van hengelaars komende van SALMO. Dankie Wilhelm dat jy ons naam hoog gehou het.

Uit die Gauteng Noord span is daar natuurlik ook van SALMO se hengelaars verkies om aan Internasionale toernooie deel te neem waarvoor Protea en SASCOC kleure toegeken is. Van ons Protea lede het ook die afgelope jaar aan Internasionale toernooie deelgeneem soos die 6th World Championship Carnivorous Artificial Bait Boat Angling, 9 - 14 October 2013 in Ireland deel geneem en sal ook aan 'n opkomende toernooi in Frankryk deelneem.

Die toestand van ons damme is nog 'n groot rede tot kommer maar ten minste lyk dit of damme soos Rust de Winter en Roodekopjies weer mooi visse begin oplewer. Die natuur veg steeds 'n stryd teen die besoedeling van ons hengel waters en dit sal seker nie gou verbeter nie. Ons moet maar alles in ons vermoeë doen om die visse wat ons vang in 'n goeie toestand terug te plaas in die water. EcoCare kweek egter steeds bewustheid onder hengelaars en die algemene publiek oor die toestand van ons damme. Kief nette raak 'n al groter problem en ek is seker ons sal ons hulp aanbied indien daar weer 'n aksie geloods word om sulke aktiwiteite te kelder.

Ek wil afsluit deur almal die beste vir die komende hengel seisoen toe te wens! Ek hoop dat ons as klub nog groot hoogtes sal bereik in die komende hengel seisoen. Ek glo dat daar weer baie vis en mooi vis gevang sal word en dat ons as vooraanstaande kunsaas hengel klub sal bly groei.

Laastens wil ek ook SALMO se lede en bestuur bedank vir die geleentheid om as Voorsitter van SALMO te kon dien die afgelope paar jaar. As gevolg van die werks druk en 'n druk reis kalender sal ek nie die komende jaar as SALMO Voorsitter kan dien nie. Ek wens die nuut verkose Voorsitter alles van die beste toe.

Groete,

Anton Jansen

SALMO voorsitter